SKOLE
ondersteuningsentrum

Mediaverklaring

Nasionale slaagsyfer veel laer as dié van Afrikaanse skole

2019-01-07

Indien Afrikaanse skole se uitslae nie by die 2018-matriekuitslae gereken word nie, sou die departement van basiese onderwys die afgelope week met ’n veel laer slaagsyfer, minder wiskunde-onderskeidings en ’n kleiner persentasie universiteitsvrystellings kon spog. Dit is een van die bevindings wat die Skoleondersteuningsentrum (SOS) in hul 2019-matriekverslag maak.

Die SOS het Dinsdag sy jaarlikse matriekverslag by die Afrikaans Hoër Meisieskool in Pretoria bekendgestel. Dié organisasie stel sedert 2015 elke jaar ’n matriekverslag bekend, met ontledende data en kommentaar op die Nasionale Senior Sertifikaat se uitslae. Die doel van hierdie verslag is om ’n kritiese blik op die eksamenuitslae te werp, met spesifieke verwysing na die prestasie van Afrikaanse skole. Die verslag fokus veral op die uitslae vir Wiskunde, Wetenskap, Rekeningkunde en Afrikaans Huistaal.

Volgens die SOS se berekeninge, was die algehele slaagsyfer vir matrikulante in Afrikaanse skole verlede jaar 86,9%, teenoor die nasionale slaagsyfer van 78,2%. Sou Afrikaanse skole uit die vergelyking gelaat word, sou die nasionale slaagsyfer 76.7% gewees het. Vir die doeleindes van hierdie verslag sluit Afrikaanse skole enige skool in wat Afrikaans as Huistaal aanbied. Die SOS kon ook vasstel dat enkelmedium Afrikaanse skole ’n slaagsyfer van 90% behaal het.

Afrikaanse skole het ook die volgende prestasies behaal:

Amper die helfte (49%) van Afrikaanse matrikulante het met universiteitsvrystelling geslaag, terwyl 31% (minder as ’n derde) van die nasionale aantal matrikulante kwalifiseer om aan ’n universiteit te studeer.

’n Groter persentasie matrikulante in Afrikaanse skole het onderskeidings vir wiskunde behaal (7,5%), teenoor 1.9% van die nasionale groep matrikulante. Dit beteken vier keer meer matrikulante in Afrikaanse skole kry onderskeidings vir wiskunde, in vergelyking met die nasionale gemiddeld.

Tien uit die 20 skole wat die meeste onderskeidings tydens die 2018-matriekeksamen behaal het, is Afrikaanse skole. Die skool met die meeste onderskeidings in die land is die Afrikaans Hoër Meisieskool, met ’n totaal van 775 onderskeidings. Dit is gemiddeld 3,5 onderskeidings per leerling.

Al 20 skole wat die meeste onderskeidings, sowel as die meeste onderskeidings per leerling vir Afrikaans Huistaal behaal het, is Afrikaanse skole.

Paul Roos Gimnasium het die meeste onderskeidings vir Wiskunde en Rekeningkunde van al die skole in die land behaal.

012 612 0234
admin@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

www.skole.co.za

Die Hoërskool Waterkloof het die meeste onderskeidings vir Fisiese Wetenskappe van skole landswyd behaal.